



Woel hom toe

BENODIGDHEDE: 600 g Fiesta Kwik-Knit (word gebruik soos 8 draad-garing); een paar elk breinaalde van 5 mm en 3 mm; drukknope; houtknope.

MATE: Die sak is 50,5 cm breed en 84 cm lank.

SPANNING: 16 ste en 25 rye = 10 x 10 cm oor patroonsteek met 5-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - awe-regs; st(e) - steek(steke); tes - tesame; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; beg - begin; oorbl - oorblywende; herh - herhaal; weersk - weerskante; RK - regte kant van werk; VK - verkeerde kant; ks - koussteek (een ry regs, een ry aweregs); rs - reksteek (elke ry regs); pat - patroon.

Patroonsteek: 1e ry: Deurgaans r. 2e ry: RK: r 1, aw 1 deurgaans.

AGTERPANT: Stel 81 ste op en brei pat-st tot 162 rye voltooi is — 65 cm.

163e ry (vermin-ry): r 1, (r 1, r2 tes) 26 keer; 55 ste bly oor.

Brei reguit voort in pat tot 174 rye voltooi is — 70 cm.

Mousgatvorming: Heg 2 ste af aan beg van vlg 2 rye, vermin 1 st aan weersk van elke alt ry 5 keer — 41 ste bly oor.

Brei reguit voort tot 201 rye voltooi is.

Vlg 5 rye: Pat 7 ste, rs 27 ste, pat 7 ste.

207e ry: Brei die eerste 12 ste, heg die middelste 17 ste af, brei nog 3 rye op die laaste 12 ste, heg af.

Voltooi die tweede skouer om ooreen te stem.

REGTERVOORPANT: Stel 65 ste op en brei 1 ry regs.

2e ry: r 5 (aw 1, r 1) tot einde.

Brei elke 10 cm 'n knoopsgat in soos volg: Heg 2 ste af waar knoopsgat moet kom in 1e ry en stel weer 2 ste op oor die afgehegte ste in daaropvlg ry.

Herh 1e en 2e ry tot werk so lank soos agterpant tot vermin-ry is.

Vermin-ry: r 5, aw 1, (r2 tes, aw 1) 20 keer, r 1, aw 1.

Brei reguit voort tot 174 rye voltooi is.

Mousgat- en halsvorming: 175e ry: Heg 2 ste af, r tot 7 ste oorbly, r2 tes, r 5.

176e ry: r 5, aw2 tes, (r 1, aw 1) tot einde van ry.

Herh laaste 2 rye nog 2 keer.

181e ry: r2 tes, brei voort in pat en vermin 1 st aan binnekant van rs-rand in elke ry tot daar 12 ste oorbly — 200 rye.

Brei voort in pat tot 210 rye voltooi is. Heg af.

LINKERVOORPANT: Soos regtervoorpant, al die vormings omgekeerd. Brei hier die 5 rs-ste aan einde van ry.

MOUE: Met 3-mm-breinaalde stel 30 ste op en brei 10 rye rs.

Slaan oor na 5-mm-breinaalde en brei in voor- en agterkant van elke steek — 60 ste in gebruik.

Brei 60 rye pat. Heg af.

AFWERKING: Werk skouernate toe. Werk mou in mousgate en werk sy- en mounate toe. Plaas voorpante oormekaar om seun of meisie te pas, werk dan die voorpant aan agterpant vas en werk toe. Werk knope teenoor knoopsgate aan voorpantrande. ●